# VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

**29**

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

***Fondse oorskry £2,715,000***

**Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.**

Die Volk se Bank.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)



# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: —K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN**

**Posbus 142, Oudtshoorn.**


DIE O.B., WOENSDAG, 3 FEB. 1943.

# *Erkenning van Onmag en Onwil*

,,Ons volk sien op na die regering om vier dinge te verkry, nl. 'n blywende vrede, volle werkgeleentheid, maatskaplike veiligheid en die fisiese heropbou van ons land,'' het Hugh Dalton, Britse Minister van Handel, onlangs in 'n toespraak verklaar, waarop hy onderstaande betekenisvolle sin laat volg het:

**,,Ons kan massa-werkloosheid voorkom as ons wil, maar dit kan alleen geskied deur die aanvaarding van nuwe idees en nuwe metodes.''**

Die kenmerk van die demokrasie is dat dit dinge maar hul gang laat gaan. Die owerheid gryp so min as moontlik in op ekonomiese en maatskaplike gebied. In die demokrasie word onder die woord ,,regeer'' verstaan die gewelddadige inpalming van ander se gebiede by wyse van verowerings, en die vreedsame uitoorlêery van ander state deur middel van diplomatieke gekonkel of van die mededingende partye binne die eie staat deur middel van politieke geknoei. Dit is ongeveer die bedrywigheid waartoe die demokratiese owerheid hom beperk. Daarom kon Adolf Hitler onlangs in een van sy toesprake die sarkastiese opmerking maak in verband met Amerika se voorneme om Duitsland na die oorlog deur een of ander kommissie te laat regeer, **dat hierdie mense praat van regeer wanneer in hul eie land miljoene mense werkloos is, in teenstelling met Duitsland waar geen werkloosheidsvraagstuk meer is nie.**

Dit is dan ook opvallend dat al die demokratiese lande gekenmerk word deur grootskaalse werkloosheid, maatskaplike onsekerheid en algemene agteruitgang van die land — drie van die dinge wat Dalton ná die oorlog verbetering op verlang. Dieselfde toestand van chaos en verval het Duitsland ook ondervind in die dae toe hy die seëninge van 'n demokratiese bewind moes tel. Werkloosheid was aan die orde van die dag — aan die een kant die werkloses wat in armoede en ellende verkeer het, en aan die ander kant die ,,werkloses'' wat in weelde gerol het.

**Teen hierdie toestand het die nuwe gedagte van die nasionaal-sosialisme in Duitsland onder leiding van Hitler in opstand gekom en is die idee van organiese lotsgebondenheid verkondig waarkragtens die geheel aanspreeklik is vir die enkeling en die enkeling vir die geheel.** Dit het weer harmonie en ewewig gebring sodat die vraagstuk van werkloosheid in daardie land verdwyn en daar op alle gebiede maatskaplike veiligheid en welvaart ingetree het.

**Hierdie nuwe gedagte van almal vir elk en elk vir almal wat deur die Ossewabrandwag in Suid-Afrika gedra word, is die enigste grondslag vir die hoogste mate van welvaart en geluk vir elke lid van die volk. Dit vorm die enigste waarborg vir maatskaplike veiligheid en die ,,fisiese opbou van die land''.**

Maar dit was juis teen hierdie gedagte wat die demokratiese bewindvoerders — en ook die heer Dalton — die volkere van die wêreld drie en 'n half jaar gelede tot die oorlog opgeroep het. **Die demokrasie moes met wapengeweld verdedig word teen hierdie nuwe idee van broederskap en hoederskap, en nog duur die stryd teen hierdie idee voort.**

En nou kom die erkenning van Britse kant self dat die werkloosheidsvraagstuk alleen opgelos kan word as nuwe idees en nuwe metodes aanvaar word — **'n erkenning dat die demokrasie waarvoor vandag geveg en offers gebring word, magteloos is om te regeer.**

Maar die heer Dalton se uitlating hou 'n verdere erkenning in, nl. **dat die kapitalistiese bewindhebbers NIE WIL dat werkloosheid en die daarmee gepaardgaande euwels ,,voorkom'' word nie,** want hy sê uitdruklik dit kan voorkom word **,,as ons wil, maar . . .''** dan moet die nuwe idees en metodes aanvaar word — die idees waarteen nou juis geveg word.

**Die feit, dus, dat daar oorloggevoer word teen die nuwe gedagte wat vir die volke van die wêreld 'n verjonging beteken, is bewys genoeg dat die wil tot verbetering of hervorming by die**

(Vervolg op voet van volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**demokratiese regeerders afwesig is, en daarmee verval ook al die huigelagtige vroom beloftes van na-oorlogse hervormings.**

# *BROKKIES UIT DIE BUITELAND*

## *Ander Aspekte van Oorlog in Noord-Afrika*

### TRIPOLI.

Die Britse besetting van die hawestad Tripoli en die uiteindelike verowering van die hele Italiaanse koloniale ryk in Afrika is sonder twyfel die grootste militêre sukses wat die Brits-Amerikaanse bondgenote totnogtoe in hierdie oorlog behaal het. In vergelyking met die geweldige nederlae wat in Europa en Asië gely is, sê dit wel nie veel nie. Dit is ook verstaanbaar dat die propaganda in die Geallieerde lande die uiteindelike verowering van die hele Italiaanse ryk in Afrika ten volste uitbuit. Dit is egter moontlik dat mense as gevolg van hierdie propaganda hulle perspektief in sake die oorlogsgebeure as geheel kan verloor. Om hierdie rede is dit nodig om op 'n paar ander aspekte van die oorwinning in Noord-Afrika te wys.

Dit klink wel baie mooi as die Britse minister van oorlog verklaar dat die Italiaanse Ryk in Afrika 'n gebied 12½ keer die oppervlakte van die Britse Eilande beslaan en dat daar nou niks van oor is nie. In werklikheid beteken hierdie ,,12½ keer die oppervlakte van die Britse Eilande'' heel weinig want die Italiaanse ryk in Afrika bestaan vir die grootste gedeelte uit 'n onherbergsame woestyn, of soos Mussolini dit jare gelede uitgedruk het, uit rotse en sand. Afgesien van nasionale prestige, het die Italiaanse koloniale ryk vir die moederland ekonomies en andersins heel weinig beteken en die Britse minister kon net so goed gesê het dat die Sahara 30 keer die oppervlakte van die Britse eilande beslaan. Met die oog op die natuurlike armoede van Italiaanse Noord-Afrika is dit ondenkbaar dat hierdie gebied as basis vir 'n aanval op die Suezkanaal of op Italië gebruik kan word. As basis vir 'n aanval op laasgenoemde land sal die Britse steunpunt Malta meer geskik wees.

In die stryd van die agste Britse leër net soos in 'n seeoorlog gaan dit nie soveel om gebiedsverowering nie as om vernietiging van die vyand. Die vernietiging van Rommel en sy strydmagte is dan ook meermale deur Alexander en Montgommery as doelstelling uitgebasuin. **Hierdie doelstelling is nie verwesenlik nie. Rommel en sy leër het die vernietiging ontwyk en het by die Spilmagte in Frans-Noord-Afrika aangesluit.**

### WENDING

Die hele terugtrekking van Rommel moet gesien word in verband met die Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord-Afrika. Hierdie landing het aan die hele oorlogstrategie in Noord-Afrika 'n ander wending gegee. As die Geallieerdes daarin geslaag het om die hele Frans-Noord-Afrika d.w.s. ook Tunisië te beset, dan sou Rommel hom tussen twee vure bevind het en dan sou daar vir hom weinig ander kanse oorgebly het as om te duinkerk. **In werklikheid egter het nie die Geallieerdes nie maar die Spilmagte daarin geslaag om die strategies uiters belangrike Tunisië te beset.** Selfs die Geallieerde poging om 'n wig tussen Rommel en die Spilmagte in Tunisië in te dryf het misluk. Die politieke verdeeldheid en verwarring tussen Franse, Britte en Amerikaners in Frans-Noord-Afrika het origens ook nie bygedra om die planne van die Geallieerdes te verwesenlik nie. Dit is moontlik dat die jongste ontmoeting tussen Roosevelt en Churchill hierdie onsekerheid sal verwyder.

Op die oomblik is die posisie dus so dat die Spilmagte wel uit Italiaanse Noord-Afrika verdryf is maar dat hulle in die veel belangriker Tunisië sit. **En hulle sit vandag nie alleen in Tunisië nie maar ook in Korsika en aan die suidkus van Frankryk met sy belangrike hawestede Marseille en Toulon.** Die deurvaart van Geallieerde skepe deur die Middellandse see van Gibraltar na Alexandrië en die Suezkanaal, d.w.s. een van die vernaamste doelstellings van die Britse veldtog in Noord-Afrika, is onder huidige omstandighede moeiliker as ooit tevore. **Met korter verbindingslinies staan die Spilmagte in hierdie strategies-belangrike see-engte van die Middellandse See in 'n baie gunstige posisie.**

Die besetting van Tripoli en die verowering van die Italiaanse koloniale ryk in Noord-Afrika sal dus eers 'n waardevolle oorwinning wees as die Spilmagte nie alleen uit Tunisië verdryf is nie maar die Geallieerdes ook 'n suksesvolle landing in Italië gemaak het. Voor dit egter kan geskied sal daar seker nog heelwat water in die see moet loop.

## DIE VERBRUIKER WEET—

— dat die ingevoerde parlementêre stelsel met sy partypolitiek wat afhanklik is van kapitalistiese belange nie by magte is om die groot verskil in prys tussen wat produsente ontvang en wat verbruikers betaal tot 'n oplossing te bring nie.

— dat die **Gesagstaat** van die Ossewabrandwag wat gegrond is op die beginsel van ,,een vir almal en almal vir elk'', alleen in staat is om die kloof tussen produsent en verbruiker te oorbrug.

# *O.B.-FUNKSIE, MARQUARD.*
## *10 FEBRUARIE 1943.*

***Stig die Tweede Front op WOENSDAG, 10 FEB. om 10 vm., in MARQUARD-STADSAAL.***

Die Voorrade Kolonne sal bestaan uit BOERWORS, BRAAIVLEIS en SOSATIES, PANNEKOEKE en WAFELS, BOEREKOFFIE en GEMMERBIER.

Aan die Krygsverrigtinge sal deelneem alle goeie Afrikaners en Brandwagte van Marquard en omliggende dorpe, wie met militêre-taktiek geesdriftig geld sal stort in ons NOODHULPFONDS totdat alle voorrade uitgeput is.

Die JEUGFRONT sal die strydkragte aanmoedig met opwekkende musiek.

**Kom trek op en bulder los op ons smaaklikhede —**

**MOEDIG ! ! GEESDRIFTIG ! !**

**Die Kommandant-Generaal en A.K.G. J. van der Merwe sal teenwoordig wees.**

**VRYWILLIGERS WORD GEVRA OM ONS KRAGTE AAN TE VUL.**

# Die Geskiedenis van Amajoeba

**Onderstaande is die geskiedenis van die Slag van Amajoeba, opgestel deur hoofgenl. prof. A. J. H. van der Walt, soos dit voorgelees moet word op Vryheidsdag waar die Amajoeba-kantate nie voorgedra kan word nie.**

„Die Rooibaadjies is op die Kop." Hierdie ontstellende berig het dou voor dag die hoofkwartier van genl. Piet Joubert op die Nek onder Amajoeba op Sondagmôre, 27 Februarie 1881, bereik, en soos 'n vuurbrand deur die Boerelaers versprei. Nog maar die vorige aand het alles so hoopvol geskyn. Die eendrag onder die burgers, die geesdrif vir die stryd van die vryheid van die duurgekogte vaderland was so groot soos maar selde tevore. Die Engelse garnisoene in die dorpe was vasgelê deur Boeremagte en magteloos. By Bronkhorstspruit, Laingsnek en Ingogo is die vyand gevoelige nederlae toegedien wat sy aanvalskrag verswak, indien nie gebreek het nie. En nou meteens het dit gelyk asof alles wat bereik was in een slag weer verlore kon gaan.

Die Boeremag in die Drakensberg, wat die poort tot die Vaderland bewaak het, was in hierdie tyd gelaer op die heuwelreeks links en regs van Laingsnek met sy regtervleuel teen Amajoebakop en sy linkervleuel teen Buffelsrivier. Die Engelse onder aanvoering van Sir George Pomeroy Colley het suidwaarts van hulle by Mount Prospect gestaan. Sterk gehawend deur die bloedige verliese by die frontaanval op Laingsnek presies 'n maand vroeër en in die slag van Ingogo, het die Engelse leër intussen weer versterkings ontvang, terwyl Sir Evelyn Wood juis toe afwesig was na Pietermaritzburg om die koms van nog nuwe afdelings te bespoedig.

Sedert die begin van die maand is gedagtes gewissel tussen die Boere en Engelse gesaghebbers oor 'n basis van onderhandelinge wat kon lei tot die staking van vyandelikhede, en 'n brief van genl. Colley met voorstelle, deurgestuur deur genl. Joubert, was toe juis op weg na vice-president Paul Kruger te Heidelberg. Die antwoord kon nie voor begin Maart terug wees nie. Dit het die Boere-aanvoerder verlei tot 'n byna gevaarlike sorgeloosheid, soos hyself skrywe. Hy het nog die voet van die kop teen 'n moontlike omflankingsbeweging laat bewaak, maar die kruin, waar dit onaangenaam koud kan word, snags onbewaak gelaat. Hy was onder die indruk dat Colley niks sou onderneem voordat die antwoord van die vice-president op sy brief terug was nie.

Sir George Colley het egter anders gedink. Onaangenaam getref deur die twee gevoelige neerlae wat hy gely het, begerig om sy militêre prestige te herstel nog voordat Sir Evelyn Wood terug kon wees om die opperbevel oor te neem, het hy planne beraam om die Boeregeneraal uit te oorlê en met een suksesvolle slag die oorlogkanse om te keer. Op Donderdag, 24 Februarie, het hy 'n skynbeweging teen die linkerflank van die Boere onderneem om hulle aandag daarheen af te trek, en gedurende die volgende twee dae is Amajoeba deur Kafferspioene van die inligtingsdiens noukeurig bespied. Saterdagaand om halfnege is bevele van mond tot mond gegee aan afdelinge van die 58e en 60e regimente infanterie, van die Hooglanders, die veterane van Afghanistan, en van die Marinebrigade om in alle stilte, sonder lig, buite die kamp aan te tree. Om tien uur het 'n mag van tussen ses en sewe honderd man, onder die persoonlike leiding van Colley en sy staf, voorsien van kleingeskut en ammunisie, verskansingsgereedskap, jasse en slaapseiltjies, en mondproviand vir drie dae, en gelei deur Kaffergidse, vertrek. Die koers het gegaan langs die Imquelarand, met 'n omweg om O'Neill se plaas. Aan die voet van die kop is twee afdelinge geplaas met die bevel om hulle in te grawe as rugdekking. Om 3-uur dié Sondagoggend het die swaarbelaaide troepe van die hoofmag na 'n harde klim, hulle uitgeput bo-op die kruin van Amajoeba neergewerp om bietjie uit te rus, sonder dat Boerewagte aangetref of teëstand ondervind is. Die waaghalsige onderneming was 'n volslae sukses!

Na 'n kort ruspouse het Colley afdelinge van sy mag gelas om die rand van die heuweltop te versterk met klipskanse, terwyl hy sy hoofkwartier gevestig het in die duik of pan bo-op die kruin, waar 'n put gegrawe is en water op die diepte van drie voet gevind is.

Toe die dag aanlig, het dit eers reg duidelik geword hoe sterk sy posisie was. Die rand om die kruin, versterk deur die klipskanse was 'n natuurlike bolwerk. Die hange van die kop het gelê onder die kruisvuur van die verdediger. Die duik bo-op het nog verdere skuiling gebied. „Niks ter wêreld, behalwe honger, kan ons hier uitdrywe", was die gedagte wat deur die hoof van 'n oorlogskorrespondent geflits het. En waarlik, 'n sterker natuurlike vesting kon geen aanvoerder ooit begeer nie.

Dit was 'n merkwaardige panorama wat hom daardie heldere Sondagmôre voor die oë van Colley ontvou: Suidwaarts Natal, eenmaal Voortrekkerland, gedrenk met Boerebloed, nou 'n Engelse kolonie, die basis van die aanval teen Transvaal; ooswaarts, Zoeloeland, nog maar kort gelede gebring onder Britse beskerming; noord- en noordooswaarts Transvaal, gehul in somergroen, die begeerde nuwe wingewes waaroor die verbitterde stryd gegaan het, en aangrypendste van alles onmiddellik aan sy voet die ontwakende Boerelaers op die Nek, die sleutel tot die Transvaal, oorgelewer aan sy genade, in die holte van sy hand. 'n Frontaanval vanuit die kamp met grofgeskut, en vuurpylwerpers, sekuur gelei vanaf die berg met sinjale, en dan, op die gegewe oomblik, 'n flankaanval, en niks kon hulle meer red nie.

Ook die Boereleiding was diep onder die indruk van die gevaar wat gedreig het. Die keuse was eenvoudig: òf die Nek verlaat en die poort na die Vaderland prysgee, òf die bittersware, byna wanhopige taak aandurf om die Engelse te verdryf. Daar was 'n oomblik van verwarring, en deur menige kop het die gedagte gegaan, hoe is dit moontlik dat die Engelse toegelaat is om so sonder stamp of stoot die allesbeheersende posisie te beset. Maar daar was geen tyd vir verwyte nie. Sonder baie woorde, sonder lang redenasies het die besluit geval: „die Engelse moet van die kop af!" Bedug vir 'n frontaanval is afdelinge gelas om die voorbereide stellinge in te neem, en weldra was ruiterafdelinge ooral in verspreide orde op weg na hulle poste. Vir die stormaanval teen die Kop kan slegs 150 man afgesonder word uit die Kommandantskappe van veggeneraal Nicolaas Smit en kommandante A. Pretorius en G. Meyer, onder onmiddellike aanvoering van veldkornette Stephanus Roos, Joachim Ferreira, D. Malan en D. Joubert, en onder algemene toesig van veggeneraal Smit.

Teen sewe-uur het die aanval begin vanuit 'n kloof teen die noordelike voet van Amajoeba. Met die merkwaardige veldvernuf van hulle eie, het die Boere gebruik gemaak van elke dwarslys, elke krans, elke uitgespoelde donga as skuiling, maar tog was daar baie ope ruimtes waaroorheen hulle, onder die heftige vuur en kruisvuur van die vyand, moes klim; en hulle aanvalsmoed en doodsveragting is maar selde geëwenaar en nooit oortref in die krygsgeskiedenis van die Boere, wat nie sonder baie hoogtepunte van krygsvernuf, moed en dapperheid is nie.

Omstreeks elfuur was drie-kwart van die Kop beklim met nog maar één man gewond. Die swaar Engelse Martini-Henri-koëls, in die reël te hoog gemik, het skadeloos oor hulle koppe heen gesuis. Die aanvallers het hulle nou verdeel. Onder dekking van 'n dwarslys het twee veldkornetskappe weswaarts omgetrek om die Engelse linkervleuel aan te tas, terwyl twee ander gebly het vir die aanval op die Engelse front en regtervleuel. Anderhalfuur later was die maneuwer voltrek en het die laaste epiese stormloop teen die voorste skanse op die rand van die kruin begin. Weldra het die kruitdampe van die teenstanders inmekaar geslaan. Die Hooglanders wat hier die spit moes afbyt, het hulle dapper geweer, maar onder die hewige en akkurate vuur van die Boere, is hulle die eerste aan die westekant uit hulle skanse verdryf. Saam met versterkinge deur Colley uit sy hoofkwartier gestuur, het hulle weldra in 'n hals-oor-kop vlug die holte weer binnegetuimel, waar hulle, met moeite deur die offisiere tot 'n nuwe stellingname kon beweeg word. Ook die res van die voorste Engelse linies het begin ingee, en van ooral het troepe die holte binnegevlug. Die Boere was nou bo-op die berg en het van plat op die grond af 'n moordende vuur die holte ingestuur. Voor die besliste aanval en die akkurate vuur het die moraal van die Engelse troepe, nou saamgedring in die holte, begin knak; dissipline het verslap; bevele is verontagsaam en die offisiere moes van dreigemente gebruik maak. Slegs minute het verbygegaan en toe het paniek die Engelse soldate oormeester. Hier en daar het klompies opgespring en begin hardloop. Genl. Colley, op die punt om 'n wit sakdoek aan die punt van sy sabel te ryg, het dodelik getref met 'n kopskoot neergesak. In 'n wilde paniekvlug het die soldate na die suidelike afgang van die Kop weggestorm, met die Boere kort op hulle hakke. Baie, wat geen voetpad kon vind nie, het die kranse afgestort. Van bo-af het die aanvallers volhardend bly vuur op die vlugtelinge teen die hange. Teen drieuur was die geveg hier afgeloop.

Intussen is 'n ruiterafdeling van honderd man sterk onder Senekal, Fouché en Van Rensburg, wat sedert die môre die voet van die Kop aan die weste bewaak het, teen 'n moontlike Engelse omflankingsbeweging, aangesê om die ingegrawe Engelse afdelinge aan die suidelike voet van die berg te bestorm. Na 'n kort maar hewige botsing, waarin ook die kanonne by Mount Prospect ingegryp het, is die Engelse uit hulle verskansinge gewerp en agtervolg na 'n diep kloof. Teen vyfuur nm., met die oorblyfsel van die vyand in volle vlug na Mount Prospect, is die vegterrein omhul in 'n dik mis wat alle verdere operasies onmoontlik gemaak het. **Die slag van Amajoeba was afgeloop.** Op die slagveld het gebly, aan die Boerekant, die haas ongeloof-lik geringe getal van één gesneuwel en vyf gewond, waarvan nog een later aan sy wonde oorlede is, offers, soos sovele voor en na hulle op die altaar van 'n vrye volksbestaan; aan Engelse kant, dood: 92; gewond: 134; gevange: 59 — altesaam 285 man. **Geen volk word vry sonder offers nie.** By Bronkhorstspruit, Laingsnek en Ingogo het die vryheidstryders van 1881 hulle offers van lewe en bloed gebring.

Met die slag van Amajoeba het hulle letterlik en figuurlik die bergtoppe bereik, en die tyding van die mannedaad het weerklank gevind in elke hoek van Suid-Afrika. In Kaapland, Vrystaat, Natal en Transvaal het dit Afrikanerharte saamgesnoer in vreugde, dankbaarheid en vryheidsgeesdrif. Amajoeba het die simbool geword van die onverwoesbare krag van eensgesindheid, aanvalsmoed, vryheidsoffervaardigheid. Ook in die dieptes van broedertwis, volksverraad, onverskilligheid en onderdrukking waardeur die Boerevolk gegaan het, en weer gaan, bly die vuur van Amajoeba ongeblus, 'n ligbaken van hoop en vertroue op die pad van die vryheid.


DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.


Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL
(EDMS.) BPK.
Kerksaal-Gebou .·. Voortrekkerweg
MAITLAND





Boere!!
Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:
Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark
Skryf vir besonderhede en permitte.
Posbus 22. Foon 5-2370. Telegramme: GEWIG.
MAITLAND.

STABILIS ? Ja, laat
STABILIS AGENTSKAPPE EN BELEGGINGSMPY.
U help in verband met:—
- KOOP EN VERKOOP van Plase, Besighede, Vaste Eiendomme in Stad en Dorp.
- GELDBELEGGINGS: Op verbande, of in aandele in die handel en nywerheid, teen hoogste koerse.
- LENINGS: Op Plaas- en Stads- of Dorps-eiendomme; Private lenings ens. teen laagste rente. Ook Verbandlenings.
- INKOMSTEBELASTINGSTATE word opgestel deur 'n deskundige op die staf.
- ALLE KLASSE VERSEKERING word onderneem.
- AS HANDELSADVISEURS kan ons u inlig insake stigting, oorname en aankoop van besighede, voorraadprobleme ens.
- AFSLAERSWERK: Ons onderneem verkoop van vaste eiendomme, huisraad en gereedskap ens. per publieke veiling.
- ONS IS AGENTE vir die Helpmekaar Kollege. Doen u inskrywings hier.

U Eie Afrikanerbesigheid!! — Ondersteun dit!!
POSBUS: 1527. FOON: 3-0764.
BURGSTRAAT 53 KAAPSTAD

VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — U BESTE MAAT — OP SY POS
Patriot TABAK

# SASBANK

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

## KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**

## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 3 Feb. 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A:), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

## Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

---

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

## Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*

Die

## MODERNE KLEREMAKERS

(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306

3de Verdieping KAAPSTAD

## *AFRIKANERS*

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

G. C. DU PLESSIS EN KIE.

MÔREMARK, JOHANNESBURG

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.

Telegrafiese Adres: ,,Duplesko".

Bankiers: Volkskas, Johannesburg.

## BELÊ U GELD

waar dit van

$3\frac{1}{2}\%$ tot 5%

rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

## SPOORBONDKAS BEPERK

Posbus 8289, Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

---

*ONS HET 'N PRAGTIGE BESENDING*

## Dames-Hoede

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

Steyns

PAROW

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

## MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-6212.

## O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU!!

## O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576, JOHANNESBURG.

116 Takke
41,000
Lede

## AVBOB

Reserwefonds
£113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Ondersteun Ons Adverteerders

---

## VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Besoek ons Snyersafdeling*

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — — PORTERVILLE

---

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

TRANSVAAL VAN 1 tot 16 JANUARIE 1943.

Erkenning vir die bedrae waarvoor kwitansies tussen nommers 1419 en 1468 uitgereik is, het blykbaar op die pos verlore geraak soos verskeie ander O.B.-stukke ook reeds verlore geraak het. Ons plaas intussen die volgende erkennings met die totaal wat reeds gestort is.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds ontvang .. .. .. .. .. .. .. .. | 12,456 | 8 | 6 |
| Kwit. Nos.: | | | |
| 1469 Kommando 11C2 .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| 1470 Kommando 8B1 .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| 1472 Kommando 14A1 .. .. .. | 1 | 16 | 6 |
| 1473 Kommando 10C .. .. .. | 40 | 4 | 6 |
| 1474 Kommando 9C2 .. .. .. | 4 | 5 | 0 |
| 1475 Kommando 9B5 .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| 1476 Kommando 12A .. .. .. | 52 | 13 | 10 |
| 1477 Kommando 9B6 .. .. .. | 16 | 17 | 8 |
| 1478 Kommando 9B5 .. .. .. | 2 | 4 | 0 |
| 1479 Kommando 1C5 .. .. .. | 11 | 16 | 9 |
| 1480 Kommando 1C5 .. .. .. | 11 | 6 | 4 |
| 1481 Kommando 13B6 .. .. .. | 3 | 12 | 6 |
| 1482 Kommando 11A5 .. .. .. | 1 | 6 | 0 |
| 1483 Kommando 1B2 .. .. .. | 56 | 0 | 0 |
| 1483 Kommando 1B3 .. .. .. | 31 | 18 | 2 |
| 1484 Bydrae .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| 1485 Kommando 11C4 .. .. .. | 18 | 5 | 6 |
| 1486 Kommando 11A6 .. .. .. | 6 | 16 | 6 |
| 1487 Kommando 1A2 .. .. .. | 22 | 0 | 0 |
| 1488 Kommando 2A3 .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| 1489 Kommando 13A4 .. .. .. | 18 | 12 | 0 |
| 1490 Kommando 13B1 .. .. .. | 5 | 3 | 6 |
| 1491 Kommando 7C2 .. .. .. | 107 | 17 | 7 |
| 1492 Kommando 7C2 .. .. .. | 9 | 0 | 0 |
| 1493 Kommando 11B .. .. .. | 35 | 0 | 0 |
| 1494 Bydrae .. .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| 1495 Kommando 10A4 .. .. .. | 51 | 6 | 0 |
| 1496 Kommando 2B4 .. .. .. | 8 | 0 | 0 |
| 1497 Kommando 10C5 en 10C2 | 6 | 0 | 0 |
| | £13,014 | 10 | 10 |

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

STRAUSS — VAN SCHALKWYK: Hoof-Kommandant C. P. Strauss, Skansklip, Brandvlei en Brandwagte Lettie van Schalkwyk, Koringhuis, Nieuwoudtville, maak aan mede-offisiere en Brandwagte bekend dat hulle op die 16de Januarie verloof geraak het.

BOTHA — BURGER: Susan, dogter van Hoof-Generaal en mev. W. P. Burger, Skansklip, en Louis, oudste seun van mnr. en mev. H. J. Botha van Heidelberg, Transvaal, maak bekend dat hul verloof is.

### TE HUUR

KLEIN plasie te Vaartwel, vier myl van hoofpad, tussen Ladismith en Calitzdorp, met busdiens twee keer per week. 6,000 Wingerdstokke en 300 gemenge vrugtebome, albei in drag. Goeie tuingrond met vaste bron water. Vir verdere besonderhede doen aansoek by **mnr. J. H. Swanepoel, Vaartwel, P.K. Opzoek, Ladismith.**

### TE KOOP

AARTAPPELMOERE. — Arran Chief, en Evergood aartappelmoere, gereed vir plant. Gelewer op Blanco-stasie. Kontant met bestelling. **J. J. C. Lamprecht, Tuinplaas, P.K. Blanco, George.**

SAAD AARTAPPELS. — Arran Chief — A. Sertifikaat 30/- per sak; B. Sertifikaat 25/- per sak. Sonder Sertifikaat maar goed, 20/- per sak. V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. **H. D. Metelerkamp, Groot Hoek, George.**

SAAD-AARTAPPELS.—Goeie, gesonde, King of Early en Up-to-Date saad-aartappels vir onmiddellike planting. — 22/- per sak, gelewer op Petrusburg-stasie. Kontant met bestelling. **D. J. de Kock, Uitkyk, Petrusburg.**

SPEELSKEIE. — Van goeie hout — Bottelskeie 3/9 en Vierkantige Kop 4/6 K.M.B. **Koos Botha, P/S. Serpentine, Dist. George.**

PLANTJIES: Gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk), en Rex (helderpienk), 3/6, 10/- en £5. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 5/-; £1-5-0 en £7. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smith, Bus 80, Tzaneen.**

TAFELAARTAPPELS, baie mooi teen 14/6 per sak. Gelewer op Serpentine sylyn. **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

KAROO BOK-KRAALMIS. Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

ANGORA-RAMME: Lewering vanaf 1ste Februarie 1943; Opreggeteelde Angora-ramme teen £5 en £7-10-0 stuk. **J. A. Schoeman, P/S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**